Junie / June 2022

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Job 37: 6-7: "For to the snow He says. 'Fall on the earth,' And to the downpour and the rain. 'Be strong.'
"He seals the hand of every man, That all men may know His work".



*"Nou lê die aarde nagtelang en week
in die donker stil genade van die reën,
en skemer huise en takke daeliks bleek
deur die wit mistigheid en suising heen".*

*~ "Winter": NP van Wyk Louw*

# SSK EN ZIMMATIC VENNOOTSKAP

As deel van die waardeproposisie wat SSK aan sy lede bied, bedryf en bestuur SSK die Zimmatic-spilpuntagentskap in die bedieningsgebied wat strek van Swellendam in die weste tot Plettenbergbaai in die ooste, van Stilbaai en Mosselbaai in die suide tot Aberdeen in die noorde. Dit sluit die hele Langkloof, Willowmore, asook die Baviaans- en Rietbron distrik in.

Die eerste elektriese Zimmatic spilpunt is reeds meer as 50 jaar gelede in die dorpie Lindsay in Nebraska, Amerika gebou. In Nebraska staan Zimmatic bekend as 'The Hill Climber'. In die omgewing van Lindsay is daar heelwat heuwels en die unieke ontwerp van die spilpuntstruktuur is aangepas vir hierdie terrein.

FieldNet is die enigste spilpunt-besproeiingstelsel waar tegnologie op een platform saamgevat kan word. Van basiese selfoonbeheer vir aan- en afskakel tot die beheer van wisselbare toediening en die gebruik van elektroniese watermeting met behulp van elektroniese krane word deur FieldNet bestuur.

FieldNet behels nie net die beheer van Zimmatic spilpunte nie, maar kan ook gebruik word op enige ander fabrikaat of kombinasie van spilpunt fabrikate.

SSK is trots op die besproeiingsdiens wat ons bied in samewerking met ons SABI geakkrediteerde besproeiingsontwerpers. Ons diens sluit in :

1. Die opmeting en kartering van geïdentifiseerde areas met GPS instrumentasie
2. Die ontwerp van verskeie besproeiingstelsels
3. Stelsel evaluering- en fout oplossingsdienste

Hierdie diens word verrig deur:

• Wiehan van der Merwe; SSK Tegniese Adviseur Besproeiing (Oos van Riversdal tot Plettenbergbaai asook die Langkloof , Oos-Kaap en Karoo)
• Gustav Tomlinson; Spilhaus Swellendam Besproeiings Konsultant (Swellendam, Suurbraak en Heidelberg distrikte)

SSK Meganisasie se Onderdele sentrums beskik oor 'n wye reeks voorraad Zimmatic en ander generiese onderdele, soos motors, ratkaste, spuitpakette en bande vir kliënte se gerief.

SSK finansier ook Zimmatic spilpunte, slegs bogrondse toerusting, deur ons verskaf, oor 'n termyn van 5 jaar teen 'n rentekoers van prima plus 1%, met 'n 20% deposito.

*- Armandt Horne: Senior Bestuurder Meganisasie*

## KONTAK ONS



**Wiehan van der Merwe**
**SSK Tegniese**
**Adviseur Besproeiing**
**044 801 4531 / 082 615 6812**
**wiehan.vandermerwe@ssk.co.za**



**Gustav Tomlinson**
**Spilhaus Swellendam**
**Besproeiings Konsultant**
**028 514 1119 / 082 788 1213**
**gustav@wmspilhaus.co.za**







Kontak vir Wiehan vd Merwe vir meer inligting.

(Oos van Riversdal tot Plettenbergbaai asook die Langkloof en Ooskaap – Karoo)

www.lindsay.com
044 801 4531 | 082 615 6812
www.ssk.co.za

Kontak vir Gustav Tomlinson vir meer inligting.

(Swellendam, Suurbraak en Heidelberg distrikte)

www.lindsay.com
028 514 1119 | 082 788 1213

SSK ZIMMATIC BY LINDSAY FIELDNET BY LINDSAY

# HENDRIK PIENAAR, DIE HERBERTSDALER

Hermanus Hendrik Pienaar is op 18 Maart 1950 gebore op die plaas Baakfontein, distrik Mosselbaai. Sy pa, Sampie was toe amper 63 jaar oud en Hendrik was die oudste van 3 kinders. Hy is filosofies oor die lewe. "My verwysingsraamwerk het teruggestrek tot 1850, want my pa het gehou van stories vertel uit die ou dae. Ek het lesse geleer oor gister en eergister, maar ek leef vir vandag en kyk altyd vorentoe. Elke ou kry 'n "innings" in die lewe, 'n kans om te kolf en 'n kans om veldwerk te doen. In my lewe het ek net soveel kere min lopies behaal as baie. Ek het soms skitterende vanghoue raakgevat en maklikes gemis, ek is vir 'n "ses" geslaan, maar het ook al gesogte paaltjies gevat. My "innings" is goed, want ek probeer altyd om die regte ding op die regte tyd te doen. My voetspore lê hier op ons aarde, hier in Herbertsdale".

Hendrik is 'n passievolle Herbertsdaler. Hy was van Sub A tot Std. 8 in Herbertsdale se skool en -koshuis en die laaste 2 jaar in Hoër Landbouskool Oakdale. "Ons het baie kompeterend grootgeword op Herbertsdale, maar daar was soveel omgee en samehorigheid in die skool, daai bande breek jy nooit". In sy matriekjaar het die onderwysers sy pa besoek, want hulle wou hê hy moet verder studeer. Hendrik het in die kombuis gestaan en luister en gehoor sy pa sê: "Nee dis goed, hy kan Universiteit toe gaan. Maar ek is 81 jaar oud. Dit maak die tyd soveel minder vir hom om nog by my te leer". Hendrik het toe self besluit dat hy sy pa se kennis en wysheid op daardie stadium meer nodig gehad het as boekkennis. Hy is nie vandag spyt nie, want hy het sy landboukennis met harde werk op die plaas en in die raadsale van georganiseerde landbou opgedoen. Hy vertel dat hy hom altyd probeer omring met mense wat op verskillende vakgebiede meer weet as hy. Só bly sy lewe 'n voortdurende leerproses.

Hendrik se CV getuig van betrokkenheid by georganiseerde landbou op 'n hoë vlak: Bestuurslid van die Wes-Kaap Landbou Unie, Direksielid van Agri Wes-Kaap en ook bestuurslid van die Landbou Besigheidskamer (nou Agbiz). Hy begin as "kortbroek" Direkteur by SWLK in 1987 en dien lank as Voorsitter van die Raad van Direkteure van die latere Tuinroete Agri. Hy dien vir 20 jaar op Mosstrich se Raad van Direkteure en tree ook daar op as Voorsitter. 'n Hoogtepunt vir hom was om 3 keer genooi te word deur Professor Johan van Rooyen om die nasionale begroting vir landbou voor die amptelike rede onder oë te neem as deel van 'n taakspan. Hy glo 'n Direkteur moet op 'n stadium aftree en dan vir die jonger boere die kans gun om die blootstelling te benut. Hy ploeg deesdae terug in die gemeenskap en die kerk op Herbertsdale.

Hendrik boer op Rooiblom, distrik Herbertsdale met wintergraan (koring, canola, voergars, ontbyt-hawer en voerhawer), skape en volstruise. Jaarliks word die Hendrik Pienaar Graandag in Oktober in die Mosselbaai- en Albertinia distrik gehou. Dié inisiatief het oorspronklik by Hendrik begin in 2007, omdat hy op daardie stadium een van die eerste boere in die distrik was wat met planters geplant het en die minimum bewerkingstelsel aan sy mede-boere wou bekendstel. Graanboere het altyd 'n behoefte om bymekaar te leer, veral omdat die natuur elke jaar anders is en verskillende graan variëteite elkeen sy eie wetenskap vereis. Daarom is hierdie praktiese graanbesigtigingsdag van groot waarde. Die kuier agterna tot laatnag met Hendrik wat braai en staaltjies vertel is alombekend in die distrik (en Hendrik is 'n mampoerproeër van formaat). Hendrik voeg by: "SSK, as insetverskaffer, lewer 'n ontsettende bydrae om die Suid-Kaap boere op hul plase te hou. SSK se waardetoevoeging vir die boer is onskatbaar en ons waardeer ons koöperasie".

> ***"SSK se waardetoevoeging vir die boer is onskatbaar en ons waardeer ons koöperasie"***

Hendrik en sy vrou Freda het 3 getroude kinders en 6 kleindogters en hul familie is vir hulle allerbelangrik. Soos alle suksesvolle boere is hy optimisties oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika en hy vertel dat hulle hul kinders ook optimisties grootgemaak het. "Jy kan kies om stof te maak, of in die stof te ry". As jy verby Rooiblom ry, sal jy Hendrik van ligdag tot laatnag op die planter sien tydens planttyd. "Moeg is in jou kop, leer jou kinders om dit uit hulle koppe te kry". Hy voeg by "As boer weet ek dat as ek nie van kindsbeen af op my knieë grootgeword het nie, ek nie die moeilike tye in landbou sou kon hanteer nie. Ek het "no regrets", ek is grootgemaak om dinge te hanteer en te bly glo".

Hendrik Pienaar is nie sonder rede 'n legende in die Suid-Kaap nie. Ons pluk vandag die vrugte van boere soos Hendrik se wysheid, toegewydheid en meelewendheid. 'n Boer en man van formaat.

*- Annelie van Wyk*




**Die vele fasette van Hendrik Pienaar.**

# SSK LEDE SE KINDERS PRESTEER MET SAALPERDE



WVG War Sports, met sy ruiter Carol Badenhorst is die nuwe Suid-Afrikaanse Groot-Kampioen-vyfgangperd vir 2022. Hulle het onlangs die titel by die Nasionale Saalperdkampioenskap op Bloemfontein vir die eerste keer gewen. Carol is die dogter van Theuns en Maret Badenhorst van die plaas Doornkraal, Heidelberg.



Anja Joubert en haar perd Exclusive O'Lee is onlangs aangewys as die Kampioen van Kampioene- wenners in die driegang ruiterkuns afdeling by die SA Saalperd Kampioenskappe in Bloemfontein. Anja is die dogter van Johannes-, (SSK Direkteur) en Rika Joubert van Kweekkraal, Riversdal. Anja is ook ingesluit in die Senior Protea driegang ruiterkunsspan wat in Julie aan die Wêreldbeker kompetisie gaan deelneem in die VSA.

# SSK LANGDIENS ERKENNING

**25 JAAR:** Alba Botha, Marietjie Kemp, David de Boer

**20 JAAR:** Isak Lotz

**15 JAAR:** Kobus Biko, Francois Smit

**10 JAAR:** Theresa Hendricks, Richardt Westraadt, Civenisia Witbooi, Justin Terblanche, Marieta Smit, Bettie van Eyk, Japie Barnard, Roland Minnaar, Carola Koekemoer, Marika Ackhurst, Elzette Oosthuizen, Henrico Adonis



Attie Geldenhuys (Silobestuurder:Heidelberg) oorhandig die sertifikaat aan David de Boer vir 25 jaar diens.




Emmie Germishuys (Senior Bestuurder:Finansies) wens Alba Botha geluk met 25 jaar diens.



Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin) oorhandig die sertifikaat aan Marietjie Kemp. Marietjie het in 1977 by die ou LBK begin werk en in 1987 bedank om kinders groot te maak. Sy het weer in 1997 diens by LBK aanvaar. Sy het dus in der waarheid 35 jaar diens eers by LBK, toe TRA en nou SSK.



Heidric Baatjies (Senior Admin Beampte: Veevoere op Karringsmelksrivier) wens Isak Lotz geluk met 20 jaar diens.

# MIC GILDENHUYS

## Versekerings Adviseur: Heidelberg

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek het groot geword op 'n plaas hier in die Heidelberg distrik, het matrikuleer aan die Hoër Landbouskool Oakdale en het daarna B.Agric. Admin studeer by Stellenbosch Universiteit. Ek en Melanie is in 2009 getroud en het twee dogters – Leah (11) en Layli (9). Melanie is oorspronkik van Pretoria.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons is 'n baie aktiewe gesin wat hou van die buitelewe. Ons gaan kamp graag saam, swem, duik en waterski. Ek kry beslis my energie van mense af - so 'n braai saam met vriende of familie is soos suurstof. Ek wil glo dat ons redelik voluit leef. Mens het soms ook nodig om rustig as gesin by die huis te wees en dan hou ons daarvan om saam kos te maak. In ons huis doen elkeen sy deel.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het by Standardbank as Besigheidsbankier gewerk van 2000 – 2002 nadat ek my studies voltooi het. Daarna het ek in die Heidelberg distrik geboer met graan en skape tot in 2019. Op 1 Mei 2020 het ek aangesluit by SSK se Versekeringsafdeling in Heidelberg as Adviseur.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Om my RE5 kwalifikasie met 88% te slaag met my eerste probeerslag. *(Mic het hierdie sin onder dwang ingesit: Redakteur)* Verder tot dit, die voortsetting van die sterk verhouding met ons kliënte, veral nadat Oom James Ackhurst vir die laaste 40 jaar hul adviseur was. Asook die wyse waarop ons kliënte my verwelkom en aanvaar het.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek het baie groot skoene wat ek moet probeer vul – vir my sal dit 'n mylpaal wees indien ek dit kan regkry en kan bou op die sterk basis wat ons vandag het. Dit sal vir my verblydend wees indien SSK oor 5 jaar steeds die verlengstuk is wat sorg dat die boer op sy grond kan bly, ongeag die uitdagende omstandighede.

### WAT WEET MIN MENSE VAN JOU?

Ek hou daarvan om te gee. Nie noodwendig materiële dinge nie. 'n Kompliment, 'n glimlag, 'n oor wat hoor, my tyd, of sommer net 'n opbouende geselsie is die dinge wat my in lyn bring met my doel. As ek mense op 'n beter "plek" kan los, dan bly my tenk vol.



**Mic Gildenhuys ontvang 'n silwer toekenning namens SSK van David Pedra (links) en Richard Beukes (regs) by die Old Mutual Top Broker Awards 2021.**



**V.l.n.r: Mic, Layli, Leah en Melanie Gildenhuys.**

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Beslis by my pa! Hy het ons van kleins af geleer dat die lewe verskriklik kort is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid wat daar is, want jy het hierdie een kans om jouself te laat geld en 'n verskil in ander mense se lewens te maak. Elkeen wat gelukkig genoeg is om lank te leef, raak weerloos en afhanklik – wees daarom nederig en goedhartig. God stel nie belang in ons prestasies en dit wat ons hier op aarde versamel nie, slegs in dit wat in ons harte en gedagtes omgaan.

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | FEB 2022 | MAART 2022 | APRIL 2022 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 19 | 76 | 57 |
| Albertinia | 23 | 12 | 24 |
| Ashton | 7 | 12 | 2 |
| Avontuur | 34 | 40 | 47 |
| George | 41 | 75 | 53 |
| Heidelberg | 16 | 31 | 41 |
| Herold | 14 | 28 | 21 |
| Joubertina | 17 | 39 | 18 |
| Karringmelks | 18 | 24 | 37 |
| Knysna | 58 | 94 | 66 |
| Misgund | 43 | 65 | 38 |
| Mosselbaai | 31 | 50 | 27 |
| Protem | 14 | 14 | 14 |
| Plettenbergbaai | 19 | 47 | 27 |
| Riversdal | 40 | 17 | 24 |
| Swellendam | 12 | 24 | 35 |
| Uniondale | 20 | 43 | 6 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# SSK IN DIE BAVIAANSKLOOF

SSK is onlangs genooi na die Baviaans Boerevereniging as 'n "dankie sê" gebaar vir droogtehulp vroeër die jaar. Dit was 'n besonderse geleentheid met 'n reuse vuur van pruimhout en gasvryheid uit die boonste rakke. Daar is tot laataand gekuier. SSK lewer produkte, soos voere, olies, veemedisyne, kunsmis, sement, hardeware, watertenks en -pype, ens. ter plaatse aan lede en kliënte. Christo Carstens, die SSK Veldbemarker in die Karoo, se bakkie word gereeld gesien op die grondpaaie van die Kloof besig met 'n aflewering.

Boere in die Baviaans fokus onder andere op toerisme en daar is vele wildsplase. Die Trans Baviaans fietsrit is alom bekend. Angorabokke, skape, saadaanplantings, roosmaryn- en laventellande is volop, want die grond is vrugbaar. Die Baviaans is so na aan Hemel op aarde as kan kom.

Christo Carstens, SSK Veldbemarker:
066 586 8839 / christo.carstens@ssk.co.za



**Die Baviaanskloof Boerevereniging lede.**



**SSK personeel by die pruimhout vuur.**



**SSK Droogtehulp op pad.**



**Aflewerings deur Christo Carstens.**

DER KELDERMEISTER

## TOP 10 WINES

1. **Van Loveren Pinotage**
2. **Jakkalsvlei Pink Moscato**
3. **Perdeberg Soft Smooth Red**
4. **Van Loveren Sauvignon Blanc**
5. **Van Loveren Neil's Pick Colombar**
6. **Boplaas Stoepsit Sauvignon Blanc**
7. **Boplaas Moscato Frizzante**
8. **ONE Red**
9. **Van Loveren Tangled Tree Cabernet Sauvignon Chocolate**
10. **Van Loveren River Red**

## CAP LEERDERS SWELLENDAM



**SSK borg tans 20 leerders in samewerking met CAP in Swellendam. Die leerders voltooi in 2022 'n ge-akkrediteerde leerlingskap in basiese administrasie. Hulle vergader in die Drostdy museum vir die teoretiese deel van die leerlingskap en voltooi na 6 maande hulle praktiese opleiding by CAP, waarna hulle die arbeidsmark kan betree.**

# SSK UNIONDALE: GHOLFDAG

SSK bied elke tweede jaar 'n gholfdag aan op Uniondale en daar word selfs op die baan langsaan rolbal gespeel.



**SSK personeel: Chris Meyer, Arno Odendal en Gerdus Steyn.**



**V.l.n.r.: Matthew Zondagh, Stefan Wille, Bernard Marais en Louhan Stander.**



**V.l.n.r.: Piet Swart, Hendrik van Eck, Fanie Stander en Raymond van Rensburg.**



**Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte) aan die woord.**

## WYSHEID VAN DAE

"n Kort potlood is beter as 'n lang geheue"
(Gert Odendaal van Leeukop)

## SUID KAAP BYE-VELDDAG



**SSK het onlangs die Suid-Kaap Bye-Velddag in Grootbrakrivier geborg. V.l.n.r.:Daniel Bridger, Jeremy Laurie, Lourens Trichaardt, Man Horne, Andre de Jager en Charles Soloman.**





Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte) en Dirk van Papendorp (SSK Voorsitter) by Vilko (Villiersdorp Koöperasie) se 100 jaar feesviering. Saam met hulle is Ben Klindt (Hoof Uitvoerende Beampte) en Timo le Roux (Direksie Voorsitter) van Vilko.




SSK lede van die Mosselbaai-distrik het onlangs die Rauch Gertenbach 100-jaar gholfdag in George bygewoon. V.l.n.r: Malan Cronje, Hennie Pienaar, Louise Müller, Johan Müller.




Pietie Uys, Kobus Baard, Mic Gildenhuys en Attie Gunter by die Duivenhoks Meesters Gholftoernooi in Heidelberg.

## SSK-GRAANSPAN BY DIE GRAANHANTEERDERS-SIMPOSIUM

'n Afvaardiging van SSK het op 17 en 18 Maart die 37ste simposium van die Graanhanteringsorganisasie (GOSA) in Mosselbaai bygewoon.



Gerdus Steyn, Bestuurder: Saad en Nico Steyn (Algemene Bestuurder) van Eureka Mills.



Voor v.l.n.r: Henry Gale, Johan Kluyts, Petrus Boshoff
Middel v.l.n.r: Johan Germishuys, Nico Malan, Patrys Erasmus
Agter v.l.n.r: Gerdus Steyn, Nico Steyn, Hanno Laufs, Willem Lourens en Johan Myburgh.

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za
Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George
Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.
www.ssk.co.za